OPWINDENDE PROGRAM VIR 2023 – THE LEADER IN ME!

	Ons wil volgende jaar veral op leierskap en karakterbou (persoonlike ontwikkeling) fokus. Leerders moet eers hul eie lewe kan lei voordat hul 'n groter rol in die wêreld kan speel. Die doel van 'n skool / ouers is immers om leerders voor te berei vir die lewe – en ons wil u graag hiermee ondersteun.

Daarom stel ons volgende jaar 'n opwindende nuwe Leierskap-program bekend. Dit is geskoei op Stephen Covey se wêreldbekende boek, die "*Seven habits of highly effective people*"; die "*Seven habits of highly effective teenagers";* die *"**Leader in Me**" program (https://www.leaderinme.com/);* asook "***The 7 habits of happy kids***" (*https://www.leaderinme.org/the-7-habits-of-happy-kids/*) – *wat reeds* in meer as 50 lande aangebied word.

Tydens die kamp gaan ons die leerders en onderwysers deur praktiese leierskap- & spanbou aktiwiteite wys hoe om hierdie vaardighede in die daaglikse lewe te inkorporeer. Die program help leiers om selfstandig te word, inisiatief te neem, vooruit te beplan, doelwitte te stel en na te streef, hul huiswerk te doen, hul tyd te prioritiseer, hul emosies te bestuur, bedagsaam teenoor ander te wees, hul standpunt oortuigend uit te druk, konflik op te los; kreatiewe oplossings te vind en 'n positiewe invloed te hê.

'N ANDER BENADERING (PARADIGMA)

Ons glo die program kan daartoe bydra dat onderwysers hul rol, leerders se potensiaal en die doel van skoolkultuur op 'n nuwe manier sien.

"Leader in Me" is 'n holistiese en praktiese program, wat leierskap en lewensvaardighede by leerders help ontwikkel, 'n inklusiewe skoolkultuur skep en die grondslag lê vir volgehoue akademiese en ander prestasies. Die doel is om die ongelooflike potensiaal in leerders, opvoeders en skoolgemeenskappe na die volgende vlak te neem. Ons onderneem verder om deurlopend materiaal aan leerders en onderwysers te stuur vir verdere gebruik.